

A photograph of a man with dark skin and short hair, wearing a light blue polo shirt and white trousers with dark stripes. He is seated on a bench, looking towards the left of the frame. The background is a blurred cityscape.

‘n sielsbegeerte

phillip boshoff



eer geën

**8“Ek is die Here, dit is my Naam. My
eer deel Ek met niemand anders nie.
Die lof wat My toekom, deel Ek nie
met afgode nie.**

jesaja 42:8 (nlv)



n verheerlikde naam

²⁷Nou is my siel ontsteld, en wat sal
Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur?
Maar hierom het Ek in hierdie uur
gekom. ²⁸Vader, verheerlik u Naam!
Daar het toe 'n stem uit die hemel
gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal
dit weer verheerlik.

johannes 12:27-28 (1953)



gekies om te verkondig

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

1 petrus 2:9 (1953)



1. geskep tot Sy eer

7elkeen wat na my Naam genoem word, elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.

jesaja 43:7 (1983)



2. vergewe ter wille van Sy naam

Ter wille van u Naam, Here, vergewe
my my sonde, want dit is groot.

psalm 25:11 (1983)

Ek skryf aan julle, my kinders, omdat
die sondes julle vergewe is om sy
Naam ontwil.

1 johannes 2:12 (1953)



3. gered ter wille van Sy naam

Help ons, o God van ons heil, om die eer van u Naam, en red ons en doen versoening oor ons sondes ter wille van u Naam.

psalm 79:9 (1953)



4. verlos ter wille van Sy naam

“...maar Ek het gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor die oë van die nasies tussen wie my volk gewoon het nie, en toe het Ek My bekend gemaak aan hulle voor die oë van die nasies en my volk uit Egipte gebring.”

esegiel 20:9 (1983)



4. verlos ter wille van Sy naam

Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.

esegiël 36:22 (1953)

5. gelei in geregtigheid ter **wille van Sy naam**

Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op
die pad van geregtigheid tot eer van
sy Naam.

psalm 23:3 (nIV)





insig tot dawid se sonde

Maar omdat u die vyande van die
HERE deur hierdie saak aanleiding
gegee het om grootliks te laster, sal
die kind wat vir u gebore is, ook
sekerlik sterwe.

2 samuel 12:14 (1953)



aan Hom die heerlikheid

²⁰En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,

²¹aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

efesiërs 3:20-21 (1953)



Sy allerhoogste naam

⁹Daarom het God Hom ook tot die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam. ¹⁰Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde buig, ¹¹en elke tong sal bely: “Jesus Christus is Here!” En só sal God die Vader verheerlik word!

filippense 2:9-11 (nIV)



‘n vaste belofte

Want die aarde sal vol word met die
kennis van die heerlikheid van die
HERE soos die waters die seebodem
oordek.

habakuk 2:14 (1953)



die hartskreet van n ware aanbidder

Ook in die weg van u oordele het ons
U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot
u gedenknaam gaan die begeerte van
ons siel uit.

jesaja 26:8 (1953)

Here, ons doen graag wat U van ons
vra. Ons enigste begeerte is om u
Naam te eer.

isaiyah 26:8 (nlv)



die hartskreet van n ware aanbidder

My mond is vol van u lof, die hele dag
van u roem.

psalm 71:8 (1953)